

Hou aan HERNUWE

Die USB PhD-alumnus dr Ferdie Lochner is 'n voorstander van tegnologiebestuur en innovasie. As hoof: IT-finansies en innovasieleier by die Stad Kaapstad help hy ook om innovasie regoor die stadsadministrasie en die stadsgemeenskap te bevorder. Na-ure doen hy pro bono-werk, help met sake-opleiding en lewer tegnologiebestuurdienste. Hy het 'n tydjie afgeknyp om met **Cherice Smith** te gesels.

Was tegnologie altyd deel van jou beroepsplan? Ek het in die Okahandja-distrik, sowat 70 km noord van Windhoek, Namibië, grootgeword. My ouers het met groente geboer en ek het baie min blootstelling aan die destydse moderne beroepe gehad. Okahandja was toe 'n militêre garnisoen-dorp. My eerste keuse was dus om 'n beroepsoldaat te word en om spesifiek by die Universiteit Stellenbosch se Militêre Akademie te kwalifiseer. Ná my aanvanklike graadstudies en diensplig het ek my loopbaan as universiteitsdosent by die Militêre Akademie op Saldanhabaai afgeskop. My vakgebied was Militêre Geografie. Persoonlike omstandighede het my stad toe gedwing en ek het toevallig 'n pos as IT-bestuurder vir die eertydse Helderberg Munisipaliteit gekry. Ek het nét voor die aanvang van 'n doktorsgraad in

Geografie en Omgewingswetenskappe in Besigheidswetenskappe beland waar my belangstelling met die intrapslag deur Tegnologiebestuur geprikkel is.

'My ervaring sedert die voltooiing van my PhD is dat daar saakmakend meer geleenthede vir professionele verwesening is.'

Wat bring jy na die tafel toe in jou werk? Ek beskik oor 'n multidisziplinêre professionele agtergrond. My sterkste eienskap is dus my vermoë om samewerkend en holisties met belangegroep oor tegnologie, innovasie en volhoubaarheid te skakel en positiewe uitkomst na te streef.

Jy het in 2011 jou PhD in Sakebestuur en Administrasie, met die klem op Tegnologiebestuur, voltooi. Wat is die waarde van jou PhD? Dit help my om sistematies oor

belangrike verskynsels in my vakgebied te dink en te debatteer, en veral om doelgerig na oplossings vir blywende probleme in my beroepswêreld te soek. Dit bied kundigheid oor die konseptuele basis van Tegnologiebestuur, wat ek inderdaad self met my PhD-navorsing help vestig en uitbou het en nou aanhou om uit te bou deur voortgesette navorsing en verwante publikasies. My ervaring sedert die voltooiing van my PhD is dat daar saakmakend meer geleenthede vir professionele verwesening is.

Hoe het Tegnologiebestuur oor die jare ontwikkel? Tegnologiebestuur is die vakgebied wat die bestuur van alle soorte tegnologie en verwante tegnologie-innovasies onderlê en wat die volhoubaarheid daarvan bevorder. Die vakgebied het oor die laaste 20 jaar ontwikkel van 'n versameling ontledings- en voorspellingstegnieke tot 'n volledige wetenskaplike dissipline wat deur 'n korpus teorie onderlê word.

Tegnologie is gedurig aan die verander. Hoe bly jy by? My vakgebied omvat die volle spektrum van tegnologie en dit is inderdaad 'n besonderse uitdaging om met die spoed en kompleksiteit van verandering by te hou. Nuwe uitvindings en die kommersialisering daarvan as tegnologiese innovasies bied verskeidenheid, onvoorspelbaarheid en soms ook onsekerheid en groot risiko. Ek volg dus 'n proses wat behels dat ek op akademiese gebied probeer tred hou met teoretiese en konseptuele verwickelinge. Ek benut dan hierdie verwysingsraamwerk om in die praktyk by die jongste tendense en tegnologie-uitkomst by te hou. Ek bly ook ingelig deur 'n professionele netwerk wat al groter word en maak gebruik van 'n doelgeboude tegnologie-radarskerm om seine van nuwe verwickelinge op te vang.

Wat behels die pro bono-werk wat jy na-ure doen? Ek help mense en organisasies om met behulp van teorie en konsepte tegnologie-uitdagings op 'n volhoubare wyse te bowe te kom. My belangrikste bydrae tans is mentorskap by Innovus, die Universiteit Stellenbosch se interaksie- en innovasiemaatskappy wat tussen die universiteit en die bedryf skakel. Ek bied ook my dienste as tegnologieraadgewer en -ontleder gratis aan sodat ek van die bekendste en nuttigste konseptuele hulpmiddels in die vakgebied kan demonstreer.


Jy is ook studieleier, promotor en raadgewer vir tegnologie-gebaseerde studies op MBA- en PhD-vlak en jy lewer tegnologiebestuurdienste. Hoekom is jy so betrokke by sake-opleiding? Ek is 'n oud-dosent en die akademie is steeds in my bloed. Daar is ook 'n dringende behoefte aan meer magister- en PhD-studies in Tegnologiebestuur en dus ook 'n behoefte aan studieleiding. Ek is al vir 'n geruime tyd 'n eksterne eksaminator vir magister-tesisse en hoop om in die toekoms by die eksaminering van doktorsale tesisse betrokke te raak.

Jy is die komiteelid vir Voortgesette Leergeleentehede van die USB-Alumni-vereniging se Wes-Kaapse tak. Wat

behels dit? Die doel is om nuwe insigte oor hedendaagse vraagstukke aan alumni te bied en die werk bestaan uit 'n portefeulj van leergeleentehede wat gesamentlik deur die alumnikomitee en die USB hanteer word. Ek is ook vir die alumni se reeks *Coffee Shoptalk*-praatjies verantwoordelik – ons hooftemas is tegnologiegroei, ekonomiese groei, volhoubaarheid, oorgangsbestuur en leierskap.

Wat is jou beroepsuitdagings? Die sleuteluitdaging is om voortdurend en innoverend te hernu en om bestaande hulpbronne slimmer en meer volhoubaar te benut. Om mettertyd van een loopbaan na 'n ander oor te skakel, bied addisionele uitdagings te midde van inleweringdatums vir al die uitkomst waarvoor ek in my amptelike en private loopbaan verantwoordelik is. Ek hanteer dit met 'n streng roetine wat my professionele verpligtinge gelykop verdeel in tydperodes wat ook ruimte laat vir selfsorg en familiesorg. Ek doen amptelike werk in my formele werksdag en ook na-ure, indien nodig. As tegnologie-ontleder in my private hoedanigheid werk ek net as amptelike pligte nie my aandag vereis nie. Die kernuitdaging is steeds om op hoogte van die jongste verwickelinge in my vakgebiede te bly.

Hoe handhaaf jy 'n gebalanseerde leefstyl? Ek moet bieg dat ek nie volledig daarin slaag om gebalanseerd te leef nie en dat ek 'n prys betaal, veral met persoonlike verhoudings. Deur beter beplanning en kommunikasie kom ek steeds my gesinsverpligtinge na, waaronder die daaglikse bak en brou. Ek volg 'n streng oefenprogram. Ek bring ook soveel as moontlik tyd in die natuur deur waar ek voëls en hul ekosisteme met intense belangstelling volg, my kennis van kosmologie uitbrei en dieper dink oor volhoubaarheid.

Laastens, wat wil jy nog bereik? Ek voel totaal verwesenlik en kan net hoop op meer kans om individue, gemeenskappe, streke en verwante belangegroepes waarmee my professionele en persoonlike paaie mag kruis, te help om gelukkig en meer volhoubaar te word. 

'Ek volg 'n streng oefenprogram. Ek bring ook soveel as moontlik tyd in die natuur deur waar ek voëls en hul ekosisteme met intense belangstelling volg.'

MEER OOR FERDIE

Wie is jou belangrikste mentor?

My voormalige PhD-studieleier prof Rias van Wyk. Hy het intuïtief die bydraes van my persoonlike rolmodelle tot my lewensuitkyk verstaan en sy mentorskap daarvolgens aangebied. Danksy hom kon ek begin om myself as praktisyn en ontleder in Tegnologiebestuur te vestig. Twee goeie vriende en USB-alumni, Freddie Bisschoff en Piet Maritz, is ook baie belangrike tydgenootlike mentors.

Jou tydverdrywe?

Talle, waarvan lees eerste prioriteit geniet. My fokus is veral op geskiedkundige biografieë, militêre geskiedenis, militêre leiers asook die Nami-biese geskiedenis en Laurens van der Post se skryfwerk oor die Sanmense van die Kalahari. Ek is 'n aktiewe bergfietsryer, geniet landloop, kampeer dikwels en is 'n ywerige landskapfotograaf.

Watter slimfoon-apps gebruik jy die graagste?

Facebook en LinkedIn.



DR FERDIE LOCHNER, PhD-alumnus en hoof: IT-finansies en innovasieleier by die Stad Kaapstad.

KEEP ON RENEWING USB PhD alumnus Dr Ferdie Lochner is head: IT Finance and innovation leader at the City of Cape Town. He talks about his love for technology management and innovation, and how his PhD has created new opportunities for him. See English version of this article at www.usb.ac.za/agenda.